

AFDELING A - SKRYFSTUK 1

Ek gaan jou mis ...

Suid-Afrika,

Ek raak so kwaad vir alles wat hier op jou bodem gebeur. So asof jy enige aandeel daarin het. Ek is angstig om my heimat te verlaat en my iewers in die vreemde te gaan vestig. Iewers waar misdaad, moord en ongelykhede nie hoogty vier nie. Iewers waar ek weer uitbundig kan lag en my kinders sonder vrese kan grootmaak.

Ek wil net iets sê voor ek gaan – iets wat nie ongesê kan bly nie. Noudat ons albei groot geword het, wil ek graag iets aan jou bieg.

Ek het jou onvoorwaardelik lief. Ek het jou eerste liefgehad – toe jy nog donker en droomloos die embriovan Afrika was. Al vandat die klein wit skepies van Dias en Da Gama deur die roerende regtersy gevaar het met soekende seile.

Kleintyd het ek saam met Heidi modderkoekies uit jou grond gebak. Jou gras was die speelplek vir my voete. Jou boomsambrele bied skadu vir Blommetjie. Ek kan in busse oor jou paaie, in treine oor jou spore en in vliegtuie oor jou lyf reis. Jou vrugbare grond voed die massas en in jou skoot lê die rykdom van goud en diamante.

In my Afrikaanse taalboek het ek jou stem leer ken, in my geskiedenisboek jou gisters en in my geografieboek die reliëf van jou lyf. Ek het mense leer ken van Van Riebeeck tot FW en ek weet van al jou skulde en skandes. Ek weet van Bloedrivier en Boipatong, van Slagtersnek en Sharpeville. Ek weet van die Franse, Engelse en slawe en oor die baie dae van vuur en spiese in jou sy.

Jy is beeldskoon. In die Suide het Tafelberg reeds sy mispantoffels aan. Soos Van Hunks fluks sy pyp stop en die winterreën het sy intrek in die Boland geneem. Waar jy egter jou arms troostend toevou, word koud en warm lomerig lou.

In die Noorde raak die sonstrepe in jou hare al hoe minder. Jou koue asem snuif-snuif teen die ruite en ritsel oor Vrystaatse vlaktes. In Kwazulu-Natal hang daar reeds 'n sneeujas om Champagne Caste se skouers. Oor 'n paar maande sal jy die eerste laslap van jou lentekleed iewers vaswerk aan my gunsteling seisoen.

Jou skoonheid ken geen gelyke. Ek sal saam met jou droom oor die klein kindertjies wat in die helder water van Bloedrivier swem en saam wegkruipertjie speel in Sharpeville.

Jou roepstem sal in my kop bly maal, maar dis vir eers;

“Tot siens!”

Inhoud & Bepanning			
Taal, Styl & Redigering			
Struktuur			
Totaal = 50			

SKRYFSTUK 2

Sy lewensverhaal verklap deur sy hande

“Die appel val nie ver van die boom nie,” het ek hulle altyd hoor sê!”

Die verhale van my oupa se lewe word vir my vertel, terwyl ek met my bene wydgespan oor sy oupa se skoot, bak-oor sit en luister hoe elke paadjie in sy hand gevorm word.

My oupa se hande is grof en hard, net soos die grond gevoel wat my oupa met sy hande omgeploeg het. Hy het jaar in en jaar uit sy vingers stompies gewerk.

Daar loop riviere op sy hande van al die trane wat hy moes wegvee wat gerol en gerol het oor my ouma se wange toe my oom begrawe is.

Wanneer my oupa my hand vat en dit soo styf druk dat ek sy litekens kan voel, weet ek dat my oupa vir my ook sal baklei soos hy in die oorlog baklei het.

My hele hand is so klein teen my oupa se reuse GROOT hande en wanneer ek vra hoekom is syne so groot, dan sê hy net, sodat hy meer lekkers in sy hand kan hou as wat ek in my hand kan hou.

Daar is duisend paadjies waarvan ek nie eers alles van weet nie, maar die een groot diep donker lyn kan ek nooit vergeet nie. Dis die een wat ek smag om ook eendag te kan hê. Dis die paadjie wat my ouma in sy lewe gestap het. Hulle liefde is liefde wat verewig sal hou, nie eers die dood sal die blink oogies nwat my oupa en ouma vir mekaar het, kan verdoof nie. Die paadjie is soo diep en donker omdat hy nooit 'n kans laat verbygaan om haar hand vas te hou nie. My ouma is my oupa se diepste wortels sê hy vir my.

Hier waar ek vandag staan, wens ek weer om die tyd terug te kan draai tot daai oomblikke wat ek my oupa oopmond aangestaar het soos 'n bakvissie wat water sluk. Ek wil net weer sy hand bestudeer, die warmte voel, sy nabyheid en ook sy liefde.

Vandag waar ek by my oupa se graf staan, kan ek getuig dat my ouma se oë nogsteeds blink as sy na my oupa se foto's kyk en my hande raak al hoe meer soos my oupa sin, grof met diep wortels net soos die mense altyd hoor praat het van my en my oupa.

Wat 'n eer om na my oupa genoem te kon wees en sy kleinkind te kon wees.

Ek mis oupa baie ...

Inhoud & Beplanning			
Taal, Styl & Redigering			
Struktuur			
Totaal = 50			

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

SKRYFSTUK 1 - RESENSIE

Daar het gedurende die afgelope jaar 'n rits interessante fliëks verskyn.

Skryf 'n RESENSIE vir julle dorp/stad se koerant oor enige fliëk wat jy vanjaar baie geniet het. [25]

Kykgenot uit die héél boonste rak!

Resensent: Francél Geyer
Titel: Fiela se kind
Draaiboekskrywer: Daleen Matthee
Beperking: PG
Verlooptyd: 90 minute
Regie: Katinka Heyns
Rolverdeling: Sharleen Surtie-Richards, Dawid Minnaar, Lida Botha, Jan Ellis

Hierdie aangrypende verhaal van inpas en terselfdertyd 'n getuigskrif dat ons wesenlik 'n reënboognasie is, het vanjaar op Kyk-net verskyn. Dit fokus op Fiela Komoetie, 'n plattelandse Kleurlingvrou, se liefde vir Benjamin, 'n wit optel-kind. Na nege jaar word hy wreed ontnugter en beland Lukas by armblanke hotkappers, Elias en Bartha van Rooyen.

Ruik jy rassisme of is die Van Rooyen's regtig sy biologiese ouers? Hy en sy nuwe suster, Nina, word soos arbeiders behandel.

Waar pas hierdie blou-oog witkind in? Hy soek deurentyd antwoorde en as volwassene verdiep sy soeke. Hy moét weet, want hy het liefgekry ...

Geen spesial effekte kan kers vashou by die tonele wat in die Knysna-bosse, Buffelsbaai, Oudtshoorn en die Chimanimani Nasionale Park in Zimbabwe geskiet is nie. Die sonderlinge fotografie en asemrowende aksietonele tussen die mak olifante in Zimbabwe, waar die olifantkoei

vir Elias jaag, plaas die kykers op die punt van hul stoele. Selfs die sinkende skip by Sun City het die kykers gefnuik!

Die rol van Fiela word meesterlik vertolk deur Sharleen Surtie-Richards, wat baie streng is, maar soos 'n leeuwyfie oor haar "hanskind" waak.

'n Genotvolle springmielie-aand word gewaarborg en die tasbare menslikheid van die fliek sal jou vir lank bybly.

Inhoud, Beplanning & Formaat		
Taal, Styl & Redigering		
Totaal = 25		

[198]

SKRYFSTUK 2 - KLAGTEBRIEF

<p>Die nuwe SEBO-stofsuier!</p> <p>Goedgekeur deur die Britse Allergiestigting</p> <p>Ons  SEBO</p> <ul style="list-style-type: none">> Duursame en betroubare stofsuier> Absoluut noodsaaklik vir allergieërs> Uitstaande resultate op matte, harde vloere en die verwydering van alle troeteldierhare	<p>Verseker die beste stofsuier op die mark!</p> <p>100% SUKSES gewaarborg!</p>  <p>Vir 'n gratis demonstrasie skakel: 086 111 4250 www.sebo.co.za</p>
--	--

[Aangepas uit: tuis, Junie 2011]

Jy het besluit om die produk, soos hierbo geadverteer, aan te skaf. Maar helaas, van al hierdie mooi beloftes het niks waar geword nie!

Skryf 'n brief aan SEBO se bestuurder waarin jy jou onevredenheid oor dié produk uitspreek.

X Adres ontbreek.

Plaas Eersteling
Tom Burke
Posbus 83
0633
21 November 2014

Geagte Bestuurder

Klagte oor SEBO-stofsuier se betroubaarheid

Ek het onlangs 'n SEBO-stofsuier aangeskaf, omrede ek 'n allergielyer is. Dit was 'n baie duursame produk en ek sal u graag meer wil vertel oor die produk.

Die advertensie beloof dat dit uitstaande resultate lewer in verband met die verwydering van troeteldierhare. Die produk het my teleurgestel omrede dit geen verbetering toon as my vorige stofsuier nie. SEBO verwyder geen troeteldierhare nie en verbeter ook nie my allergie nie. Die SEBO is geensins betroubaar nie.

Ek sal u graag in kennis wil stel dat die produk nie 100% sukses is nie en dat die advertensie misleidend is vir verbruikers. Ek persoonlik voel dat mense hulle geld mors op die produk wat eintlik hulle gesondheid moet verbeter.

Ek sal voorstel u kontak die fabriek of groot verskaffer en noem die probleem aan hulle om dit so vinnig moontlik op te los en reg te stel. Mense word uitgebuit deur valse beloftes op 'n advertensie.

Ek hoop u reageer spoedig as moontlik om teleurstelling te voorkom.

Die uwe

Josef Smith

Inhoud, Beplanning & Formaat		
Taal, Styl & Redigering		
Totaal = 25		

SKRYFSTUK 3 - HULDEBLYK

Jou oupa/ouma is na 'n lang siekbed oorlede. Jy, as oudste kleinkind, moet namens al die kleinkinders 'n huldeblyk tydens die begrafnisdiens lewer.

Skryf jou HULDEBLYK.

Geagte, vriende en familie

Ons groet vandag 'n bekende man wat 'n fantastiese man, Pa, oupa, oupagrootjie en selfs vriend was en wat diep in elkeen van ons wat vandag hier in hierdie kerk sit se harte in gekruip het.

Oupa Jan was 'n groot steen pilaar vir my gewees en iemand waarna ek besonders baie opgekyk het, soos almal weet het hierdie laaste twee maande besonderse groot uitwerking op almal gehad waar my oupa skielik baie siek geword het en vir twee maande lank in die intensiewe eenheid gelê het by Margate Privaat Hospitaal. My oupa was 'n jong van gees man wat self sy 6 kleinkinders op die strand kon weghardloop en hy het altyd 'n grappie of twee gehad om te vertel. My oupa was 'n wonderlike man wat mens amper nooit sonder sy hoed en glimlag gesien het nie, of met 'n glimlag in sy pragtige tuin wat hy soveel aandag aan gegee het om dit 'n regte sprokies tuin te kon maak.

Ek wil ook uit my hart besonderse dankie sê aan elkeen se ondersteuning hierdie laaste twee maande met my oupa se siekte en dankie ook aan elkeen se oproepe en sms'e dit word hartelik waardeur om te weet dat ons in julle harte en gebede is.

Nou vir my oupa geniet dit aan Jesus se voete en dankie vir alles wat oupa my geleer het. Ek gaan vir oupa so baie mis, tot ons weer mekaar sien oupa lief jou.

Inhoud, Beplanning & Formaat		
Taal, Styl & Redigering		
Totaal = 25		

SKRYFSTUK 4 - KOERANTBERIG

Jy werk as junior verslaggewer by 'n koerant. Skryf die KOERANTBERIG wat by die volgende opskrif pas:

Sanger vereer vir heldedaad!

Die beroemde sanger Steve Hofmeyer (52) word vereer vir 'n heldedaad.

Frydag oggend om 09:00 het hy 'n besoek gaan aflewer by die bank. Twee gewapende mans het 'n ruk daarna binnegeklim en aangedring op al die geld in die bank. Steve het eers mooigeppraat met die manne en vir hulle 'n ander uitweg gegee – om net weg te loop.

Dit het hulle nie afgeskrik nie en hy het toe besluit om iets meer drasties te doen. Hy oorrompel toe die een man en veg hom vir sy wapen.

Hy het toe die wapen gerig na die mans toe en hulle daar gehou tot die polisie opgedaag het. Steve het die bank gered van duisende rande se skade en al die mense in die bank se lewens. Hy is 'n ware held. [Woorde = 192]

Inhoud, Beplanning & Formaat		
Taal, Styl & Redigering		
Totaal = 25		